

Woensdag 13 Mei

Skrifgedeelte: Markus 14:53-65 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Markus 14:62-63

Jesus maak openlik aan sy vyande bekend Wie en Wat Hy is

Vroeg die Vrydagoggend is Jesus voor die Joodse Raad. Hulle het klaar besluit Hy is skuldig, en Hy moet die doodstraf kry (Joh. 11:49-59). Daar is egter een lastigheid: die aanklag is nog nie duidelik nie! Eers word 'n aantal vals beskuldigings ingebring. Die probleem is egter dat die getuies nie ooreenstem nie, want nie een praat die volle waarheid nie. Dan kom daar 'n klag teen Jesus in, dat Hy sogenaamd gesê het dat Hy die tempel sou afbreek. Ook dié klag is nie die volle waarheid nie (vgl. Joh. 2:19), en weereens stem die getuies nie ooreen nie, soos mens kan verwag.

Jesus is al die pad stil. Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word, het Hy nie gekla nie (Jes. 53:7). Maar dan kom die hoëpriester Kajafas na vore en vra: "Is jy die Christus, die Seun van Hom aan wie die lof toekom?" Nou kan Jesus nie langer stilbly nie. Ook sy vyande moet weet Wie en Wat Hy is! En daarom antwoord Hy: "Ek is, en julle sal die Seun van die mens sien waar Hy sit aan die regterhand van Hom wat magtig is, en wanneer Hy kom op die wolke van die hemel."

Jesus is doodseker van sy oorwinning! Maar Hy rig tegelykertyd ook hiermee 'n ernstige waarskuwing tot sy vervolgers! Hulle sal Hom nog sien as Koning en Regter aan die regterhand van sy Vader, en hulle sal Hom ook sien as Hy weer op die wolke kom, om as Regter te oordeel!

In sy belydenis vind die Joodse Raad genoeg grond dat Hy die doodstraf moet kry. Die belydenis maak geen verskil aan hulle nie. Die meeste bly verhard. Jesus sê ook vir jǒú ... Hy is die Oorwinnaar, die Koning aan die regterhand, die Een wat weer op die wolke kom! Hoe reageer jy daarop?

Sing: Skrifberyming 5-1:1-3

Ds. LM Floor (Marcel) (Sasolburg)